

LEES DIE KORTVERHAAL IN JOU INK BOEK BL. 166

GRAAD 10		INK EN ANDER VERHALE: KORTVERHAAL
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL		
Die krieketkolf		Erns Grundling
1.1	Wat beteken “kranige krieketspeler”?	
1.2	Watter tipe verteller kry ons in hierdie karakterstudie?	
1.3	Wat is die voordele van dié tipe verteller?	
1.4	Sê wie die volgende is en skryf EEN feit oor elke karakter.	
1.4.1	Protagonis	
1.4.2	Antagoniste	
1.4.3	Tritagonis	
1.5	Wat het Okkert in gemeen met tieners?	
1.6	Hoe leer ken ons vir Okkert?	
1.7	Hoe leer ken ons Okkert se pa?	
1.8	Sou jy sê dat Okkert se pa spoggerig is?	
1.9	Wat impliseer die volgende woorde: “En bokant die oop deur troon die figuur van Okkert senior.”	
1.10	Verduidelik waarom die volgende karakters as stereotipies beskou kan word.	
1.10.1	Okkert se pa	
1.10.2	Ou Crooked Finger	
1.11	Waarom is die ruimte van die verhaal gepas?	
1.12	Watter stemming kry ons aan die begin (aanvang) van die verhaal? Gee ’n rede vir jou antwoord.	
1.13	Watter stemming kry ons aan die einde(afloop) van die verhaal? Gee ’n rede vir jou antwoord.	
1.14	Wat is die tema van die verhaal?	
1.15	Wat is die boodskap van die verhaal aan ouers?	
1.16	Wat is die boodskap van die verhaal aan tieners?	
1.17	Wat is die naam van die skool waar Okkert krieket speel?	
1.18	Op watter veld het hulle gespeel?	
1.19	Waarom was die leerders se arms in die lug?	
1.20	Waarvoor was Crooked Finger bekend?	
1.21	Waarvoor was sy pa in die laat tagtigerjare bekend?	
1.23	Op watter tv-programme het hy gereeld as gas opgetree?	
1.24	Waarheen was sy pa op pad en waarom.	
1.25	Wat voorspel Okkert se woorde: “ Ek sien. Hectic”	
1.26	Hoe het Okkert se pa bygedra tot die feit dat hy nou as tiener ook goed kan krieket speel?	
1.27	Wat het veroorsaak dat sy pa nie vir Suid-Afrika tydens Apartheid kon verteenwoordig nie.	
1.28	In watter jaar het Suid-Afrika tot die internasionale krieketarena teruggekeer?	
1.29	Waarom kon sy pa nie Suid-Afrika teen Indië verteenwoordig nie?	
1.30	Watter TWEE spelers het wel Suid-Afrika teen Indië verteenwoordig?	
1.31	Wat het Okkert se pa se krieketloopbaan beëindig?	
1.32	Hoe was sy pa beloon omdat hy “kookwater-krieket” tydens die plaaslike Benson	

LEES DIE KORTVERHAAL IN JOU INK BOEK BL. 166

	& Hedges-reeks gespeel het?
1.33	Verduidelik wat die volgende woorde beteken: “ Onthou, Okkert, jy het my gene”
1.34	Watter advies het sy pa hom gegee wat sy spel betref?
1.35	Watter belofte het sy pa aan hom gemaak rakend vyftig lopies in ’n wedstryd?
1.36	Watter beroemde krieketspeler besit ook ’n Kookaburra?
1.37	Hoe weet jy dat AB de Villiers Okkert se held was?
1.38	Wat maak hierdie plakkaat anders?
1.39	Wat was die boodskap wat AB de Villiers op die plakkaat geskryf het?
1.40	Haal ’n reël aan wat sê dat Okkert nie so ’n goeie seisoen gehad het nie.
1.41	Waarom het Okkert gesukkel om op krieket te fokus? Noem 4 redes.
1.42	Beskryf vir Bienkie.
1.44	Waarom het sy maag gedraai wanneer hy verby Bienkie en haar maats stap?
1.45	Wat het hy gedoen om haar beter te leer ken?
1.46	Waarom was hy die dag voor sy verjaarsdag meer gespanne?
1.47	Wat het vir Okkert woedend gemaak?
1.48	Watter fout het Okkert gemaak?
1.49	Waarom het sy pa moontlik weggery.
1.50	Waarom eindig die verhaal op ’n anti-klimaks vir Okkert?

ANTWOORDE

Die krieketkolf	Erns
Grundling	
1.1	Wat beteken “kranige krieketspeler”?
	Hy is uitstekend in krieket.
1.2	Watter tipe verteller kry ons in hierdie karakterstudie?
	Beperkte derdepersoonverteller.
1.3	Wat is die voordele van dié tipe verteller?
	Hy ken die karakters se gevoelens en gedagtes.
1.4	Sê wie die volgende is en skryf EEN feit oor elke karakter.
1.4.1	Protagonis
1.4.2	Antagoniste
1.4.3	tritagonis
1.4.1	Protagonis- Okkert. Hy is ’n goeie krieketspeler. Hy is die held van die storie met swakhede.
1.4.2	Antagoniste- Die paaltjiewagter en veldwerkers van die opponerende span wat hom koggel.
1.4.3	Tritagonis- Okkert se pa want hy probeer sy guns wen.
1.5	Wat het Okkert in gemeen met tieners?
	Hy moet homself aan sy pa en die opponerende span bewys. Hy praat tienertaal.
1.6	Hoe leer ken ons vir Okkert?
	Soos die wedstryd vorder.
1.7	Hoe leer ken ons Okkert se pa?
	Deur sy motor, sy houding en sy optrede.

LEES DIE KORTVERHAAL IN JOU INK BOEK BL. 166

1.8	Sou jy sê dat Okkert se pa spoggerig is?
	Ja. Hy bestuur 'n flambojante silwer sportmotor (Lexus)
1.9	Wat impliseer die volgende woorde: "En bokant die oop deur troon die figuur van Okkert senior."
	Dit impliseer dat hy sy ruimte-die krieketveld- as sy koninkryk beskou.
1.10	Verduidelik waarom die volgende karakters as stereotipies beskou kan word.
1.10.1	Okkert se pa
1.10.2	Ou Crooked Finger
1.10.1	Okkert se pa- Hy probeer deur sy kind presteer/Hy plaas druk op Okkert.
1.10.2	Ou Crooked Finger- Hy is 'n streng afrigter.
1.11	Waarom is die ruimte van die verhaal gepas?
	Die ruimte van die Hoërskool se krieketveld is gepas omdat krieket in Okkert en sy pa se lewe belangrik is.
1.12	Watter bestemming kry ons aan die begin (aanloop) van die verhaal? Gee 'n rede vir jou antwoord.
	Opwinding en afwagting-Die uitroep van Howzat. Die Mexican Wave.
1.13	Watter bestemming kry ons aan die einde(afloop) van die verhaal? Gee 'n rede vir jou antwoord.
	Verslaendheid- Sy pa het vir hom 'n hokkiestok as geskenk gegee.
1.14	Wat is die tema van die verhaal?
	Druk van ouers op hul kinders om te presteer.
1.15	Wat is die boodskap van die verhaal aan ouers?
	Ouers moet nie hul drome deur hul kinders verwesenlik nie./Moenie onnodige druk op jou kinders plaas nie. Aanvaar hulle nes hul is.
1.16	Wat is die boodskap van die verhaal aan tieners?
	Wees jousef. Moenie jou ouers probeer gelukkig hou nie.
1.17	Wat is die naam van die skool waar Okkert krieket speel?
	Hoërskool Otto van Staden.
1.18	Op watter veld het hulle gespeel?
	B-veld
1.19	Waarom was die leerders se arms in die lug?
	Hulle was besig om 'n Mexican Wave te doen.
1.20	Waarvoor was Crooked Finger bekend?
	Hy het gereeld kolwers druipstert/vernederd/skaam pawiljoen toe gestuur.
1.21	Waarvoor was sy pa in die laat tagtigerjare bekend?
	Hy was 'n intimiderende(goeie) openingskolwer. Hy kon boulaanvalle trotseer. Hy het groot hondertalle in die Curriebeker aangeteken.
1.23	Op watter tv-programme het hy gereeld as gas opgetree?
	Supersport en krieketprogramme.
1.24	Waarheen was sy pa op pad en waarom.
	Hy was op pad Johannesburg toe om daardie aand met Fanie de Villiers op kykNET se BVP-geselsprogram te praat.
1.25	Wat voorspel Okkert se woorde: " Ek sien. Hectic"
	Sy pa se teenwoordigheid maak hom gespanne/plaas druk op hom.
1.26	Hoe het Okkert se pa bygedra tot die feit dat hy nou as tiener ook goed kan krieket speel?

LEES DIE KORTVERHAAL IN JOU INK BOEK BL. 166

	Sy pa het vir hom 'n geel plastiekkrieketskolf gekoop. Hy het vir Okkert leer kolf deur 'n tennisbal na hom te boul.
1.27	Wat het veroorsaak dat sy pa nie vir Suid-Afrika tydens Apartheid kon verteenwoordig nie.
	Daar was sportboikot.
1.28	In watter jaar het Suid-Afrika tot die internasionale krieketarena teruggekeer?
	In 1991
1.29	Waarom kon sy pa nie Suid-Afrika teen Indië verteenwoordig nie?
	Sy beste jare was verby/Hy was nie meer so goed nie.
1.30	Watter TWEE spelers het wel Suid-Afrika teen Indië verteenwoordig?
	Jimmy Cook en Andrew Hudson.
1.31	Wat het Okkert se pa se krieketloopbaan beiendig?
	Hy was in 'n ernstige fietsongeluk.
1.32	Hoe was sy pa beloon omdat hy "kookwater-krieket" tydens die plaaslike Benson & Hedges-reeks gespeel het?
	Hy het aan die Wêreldbeker-eendagspan in Australië saam met Kepler Wessels, Jonty Rhodes en Hansie Cronjé gespeel.
1.33	Verduidelik wat die volgende woorde beteken: " Onthou, Okkert, jy het my gene"
	Okkert aard na hom.
1.34	Watter advies het sy pa hom gegee wat sy spel betref?
	Hy moet elke bal op meriete speel. Hy moet nie Twenty 20-toertjies uithaal nie.
1.35	Watter belofte het sy pa aan hom gemaak rakend vyftig lopies in 'n wedstryd?
	Hy sou hom 'n Kookaburra kolf koop wat oor die vyfduisend rand werd was.
1.36	Watter beroemde krieketspeler besit ook 'n Kookaburra?
	AB de Villiers.
1.37	Hoe weet jy dat AB de Villiers Okkert se held was?
	Hy het 'n plakkaat van hom teen sy kamermuur?
1.38	Wat maak hierdie plakkaat anders?
	AB het self daarop geteken en 'n boodskap aan Okkert geskryf.
1.39	Wat was die boodskap wat AB de Villiers op die plakkaat geskryf het?
	Okkert, jou pa was my held toe ek kind was. Geniet jou krieket!
1.40	Haal 'n reël aan wat sê dat Okkert nie so 'n goeie seisoen gehad het nie.
	"Okker het egter 'n goor seisoen tot dusver."
1.41	Waarom het Okkert gesukkel om op krieket te fokus? Noem 4 redes.
	Graad 10 was vir hom 'n groot aanpassing. Die nuwe vakke. Die matriekboelies Bienkie Beukes.
1.42	Beskryf vir Bienkie.
	Sy was 'n bruingebrande hekkiesatleet en 'n kuiltjie in haar linkerwang.
1.44	Waarom het sy maag gedraai wanneer hy verby Bienkie en haar maats stap?
	Hy was verlief op Bienkie
1.45	Wat het hy gedoen om haar beter te leer ken?
	Hy het haar as 'n "friend op Facebook bygevoeg en nou wag hy dat sy hom bevriend.
1.46	Waarom was hy die dag voor sy verjaarsdag meer gespanne?

LEES DIE KORTVERHAAL IN JOU INK BOEK BL. 166

	Dit was sy laaste kans om vyftig lopies aan te teken sodat hy sy geskenk kan kry.
1.47	Wat het vir Okkert woedend gemaak?
	Sy opponente het die spot met sy pa gedryf.
1.48	Watter fout het Okkert gemaak?
	Hy het 'n Twenty 20 –toertjie uitgevoer wat veroorsaak het dat hy skoongeboul word.
1.49	Waarom het sy pa moontlik weggery.
	Hy was teleurgesteld in Okkert.
1.50	Waarom eindig die verhaal op 'n anti-klimaks vir Okkert?
	Hy kry 'n hokkiestok as geskenk van sy pa wat beteken hy sal nooit 'n goeie krieketspeler wees nie.